



Parktown Boys' High School

Departement:
AFRIKAANS

GRAAD 8

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

JUNIE- EKSAMEN

VRAESTEL 2

2016

PUNTE : 70
TYD : 90 MINUTE

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

EKSAMINATOR : Mev. T. Odendaal
MODERATOR : Me. M. Watson

**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:

AFDELING A: POËSIE

(30 PUNTE)

AFDELING B: NOVELLE

(40 PUNTE)

2. Lees **ALLE** instruksies baie goed.

3. Beantwoord **AL** die vrae.

4. Begin elke vraag op 'n **NUWE** bladsy.

5. Trek 'n streep na elke vraag.

6. Nommer in die **MIDDEL** en volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na **ELKE** antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

10. Skryf slegs met **BLOU INK**.

**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016**

AFDELING A: POËSIE

VRAAG 1

OP BLOUBERG SE STRAND – L. RAUCH

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.

1. Die golwe weet waar breek die branders -
 2. Hulle dink hulle's vry
 3. Die wolke wentel in die hemel maar
 4. Op die winde moet hul ry
 5. Dis vroeg in die dag, op Blouberg se strand
 6. Die wind gaan nog waai, die son gaan nog brand
 7. Maar dis koel na die lang nag
 8. En ons groet die dag
- [Koor]
9. Goeie môre my sonskyn
 10. Goeie môre my kind
 11. Kom ons draf langs die strand
 12. Kom ons ry op die wind
 13. Die sand sal ons skroei
 14. En die strale sal brand
 15. Maar dis vroeg in die dag
 16. Op Blouberg se strand
 17. Daar is witgekalkte huise
 18. En ou Tafelberg
 19. Daar is hengelaars met stok en hoed
 20. Wat vroeg visse terg
 21. My pa sê: "my kind, ons moet swart mossels vind."
 22. Ons is lief vir die see, ek is lief vir my kind
 23. Ja dis koel na die lang nag
 24. En ons groet die dag

[Koor x2]



PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016

- 1.1 Wat noem ons 'n strofe wat uit agt reëls bestaan? (1)
- 1.2 Benoem die **RYMSKEMA** wat in hierdie gedig voorkom? (1)
- 1.3 Benoem die **DRIE** kontraste wat ons in hierdie gedig vind? (3)
- 1.4 Sê of die volgende stelling **Waar** of **Onwaar** is.
Gee 'n **rede** vir jou antwoord deur uit die gedig **aan te haal**.
- 1.4.1 Dis 'n ma wat met haar kind praat. (1)
- 1.4.2 Die mense haat die see. (1)
- 1.5 Benoem die twee karakters in hierdie gedig? (2)
- 1.6 In watter Provinsie speel die gedig af? (1)
- 1.7 Haal een woord uit die gedig wat jou antwoord van 1.6 staaf? (1)
- 1.8 Benoem die **BEELDSPRAAK** in reël 1 en gee 'n voorbeeld? (2)
- 1.9 Wat is die twee aktiwiteite wat die Pa die kind uitnoui om saam met hom te doen? (2)
- 1.10 Benoem die twee troetelnaampies wat die pa aan sy kind gee? (2)
- 1.11 Haal woorde uit die gedig wat **SINONIEM** is van:
- 1.11.1 visserman
- 1.11.2 grap
- 1.11.3 kry (3)

[20]

EN

PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016

VRAAG 2

TOETSKOORS – PIET SWANEPOEL

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat volg.



1. Een môre – wanneer was dit tog? –
2. o ja, toe ons toets sou skryf,
3. dié oggend voel ek sommer siek
4. met pyne in my kop en lyf.

5. My ma het aan my kop gevoel
6. En toe gesê: "Ja-nee, ou Doors,
7. ek moet bepaald die dokter kry
8. want jy't sowaar 'n hoë koors".

9. Die dokter het my ondersoek,
10. my longe, ore en my keel.
11. Toe knik hy met sy kop vir Ma:
12. "Mevrou ek dink ek weet wat skeel".

13. Hy neem sy spuit en trek dit vol,
14. en toe raak ek opreg en benoud.
15. Hy trek die lakens weg en sê:
16. "Vir skoolsiek, een in elke boud!"



- 2.1 Watter tipe **SPREKER** kry ons in hierdie gedig? (1)
- 2.2 Benoem die **RYMPATROON** wat in hierdie gedig voorkom? (1)
- 2.3
- 2.3.1 Is die kind in die gedig 'n seun of meisie? (1)
- 2.3.2 Gee een woord uit die gedig om jou antwoord van 2.3.1 te bewys. (1)


**PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016**

- 2.4 Watter **STYLFIGUUR** kry ons in reël 3 en gee 'n voorbeeld? (2)
- 2.5 Benoem die liggaamsdele wat die dokter ondersoek? (3)
- 2.6 Hoeveel inspuitings kry die kind as straf? (1)
- [10]**

TOTAAL VIR AFDELING A: [30]

AFDELING B: NOVELLE

PERMANENTE INK – CARINA DIEDERICKS



VRAAG 3

- 3.1 - Pas **KOLOM A** by **KOLOM B**.
- Skryf slegs die **NOMMER** en die **LETTER** neer.

KOLOM A	KOLOM B
3.1.1 Amir	A. Klas nar met rooi hare.
3.1.2 Klara	B. Stel 'n proefiel van die moordenaar saam.
3.1.3 Werner	C. Werk saam met Inspekteur Liebenberg.
3.1.4 Dr. Harry Burke	D. Het 'n swart kamer en bestudeer films.
3.1.5 Konstabel Mabel Mentoor	E. Lang hare en is agressief
3.1.6 Robert	F. Amir se pa.
3.1.7 Morfues	G. Hacker
3.1.8 Dr. Stefanie Badenhorst	H. Die Romeo-en-Juliet-Reeksmoordenaar
3.1.9 Zelda	I. Robert se oppasser
3.1.10 Derra (Mnr. Pieterse)	J. Die skoolsielkundige

(10)

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

“Kom sit.” Dr. Burke beduie na die gemakstoele in sy kantoor. Amir, Zelda, Werner en Robert stap sleepvoet die kantoor binne. Werner kies die stoel verste van Dr. Burke af. Zelda en Amir gaan sit op die dubbelbank. En Robert op die stoel naaste aan Dr. Burke.

- 3.2 Waar spandeer die tieners hulle pouse? (1)
- 3.3 Wat is die **DRIE** redes hoekom hulle permanent in die moeilikheid is? (3)

PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016

- 3.4 Wat is Dr. Burke se opdrag aan elk van die tieners? (4)
- 3.4.1 Werner
 - 3.4.2 Robert
 - 3.4.3 Amir
 - 3.4.4 Zelda
- 3.5 Hoekom hou Werner nie van Dr. Burke nie? (1)
- 3.6 Wat is vir die tieners vreemd oor Dr. Burke? (1)

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

Hy trek sy baadjie uit en hang dit netjies oor sy stoel se ruglening. Hy gaan sit en druk sy vingerpunte teen mekaar. Vir 'n lang ruk sit hy so. Dit was 'n goeie dag. 'n Besondere goeie dag. Die tyd kom nader. Vinnig. Die gevoel brand.

- 3.7 Watter gevoel voel Morfeus weer brand? (1)
- 3.8 Benoem Morfeus se volgende slagoffers? (2)
- 3.9 Waarom het hy hierdie twee persone as slagoffers gekies? Gee TWEE redes. (2)

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

“Wie de hel het met die media gepraat?” Hy staan en stoom soos 'n bul by 'n vendusie. Hy is so kwaad dat hy byna kan voel hoe sy are vernou. As hy nie vandag dood neerslaan aan 'n hartaanval nie, dan sal dit wraggies nooit gebeur nie.

- 3.10 Wie is so kwaad in die gegewe teks? (1)
- 3.11 Hoekom het Konstabel Jantjies die persoon so kwaad gemaak? (1)
- 3.12 Noem die **TWEE** bedrae geld waarvoor Konstabel Jantjies sy daade gepleeg het? (2)
- 3.13 Noem **TWEE** redes waarom Konstabel Jantjies die geld nodig gehad het? (2)
- 3.14 Wie wil vir Konstabel Jantjies sien nadat hulle uitgevind het hy is die skuldige persoon? (1)
- 3.15 Wie vat Konstabel Jantjies se werk oor? (1)

PARKTOWN BOYS' HIGH SCHOOL AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
JUNIE-EKSAMEN
VRAESTEL 2
2016

- 3.16** Op watter tipes persone moet die polisie fokus wat kontak met die tieners gehad het en gee voorbeelde vir elk? **(3)**

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg

Kaptein September staan en kyk na die groepie konstabels en inspekteurs wat voor hom sit.

- 3.17** Wie het die profiel van die moordenaar opgestel? **(1)**
- 3.18** Wat is die belangrikste ding wat die polisie nie nou, volgens haar, moet doen nie? **(1)**
- 3.19** Wat voorspel sy sal Morfeus se reaksie op 3.18 se raad wees? **(1)**
- 3.20** Wie was Morfeus oorspronklik? **(1)**

TOTAAL AFDELING B: [40]
GROOTTOTAAL : [70]